Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1180**(A)**(J11)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

(21010055)

**11 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Jan van Riebeeck het in … (jaar) in die Kaap die Goeie Hoop aangekom.

1.1.2 In 1682 het die Goewerneur vier van die … as Heemraaden in Stellenbosch aangestel.

1.1.3 Die eerste stedelike gebied wat in Suid-Afrika gevestig is, is …

1.1.4 Suid-Afrika het op 31 Mei … 'n republiek geword.

1.1.5 Al die raadslede in 'n munisipaliteit staan bekend as die …

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Stembrief is 'n lys persone wat geregistreer het om te stem.

1.2.2 Verkeersoortreders word nie toegelaat om in plaaslike verkiesings te stem nie.

1.2.3 Daar was 273 munisipaliteite in Suid-Afrika, wat later tot 226 verminder is.

1.2.4 Een van die funksies van die speaker in 'n munisipaliteit is om die voorsitterstoel by komiteevergaderings te beklee.

1.2.5 'n Kworum is die getal mense wat 'n vergadering uitmaak.

1.2.6 Die plaaslike owerheid is die laagste vlak van regering in SA.

1.2.7 Die burgemeester is 'n lid van al die komitees uit hoofde van sy/haar amp.

(7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.3 Kies 'n item/'n woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Die beampte wat die verkiesingsdatum vir die plaaslike regering aankondig | A | munisipale bestuurder |
| | | B | raadslid |
| | | C | raad |
| 1.3.2 | Die beampte wat verantwoordelik is vir die skryf van die notule in 'n raadsvergadering | D | staatspresident |
| | | E | verordeninge/munisipale regulasies |
| 1.3.3 | Die hoof uitvoerende beampte van die munisipaliteit | F | wette |
| | | G | stadsekretaris ('town secretary') |
| 1.3.4 | Die eerste burger van die provinsie | | |
| | | H | premier |
| 1.3.5 | Die indiensnemingsgesag ('employment authority') van 'n munisipaliteit | I | burgemeester |
| | | J | ordonnansie |
| 1.3.6 | Wette wat op provinsiale vlak gemaak word | | |
| 1.3.7 | Die beampte wat die stad/dorp op alle vlakke van die samelewing verteenwoordig | | |
| 1.3.8 | Die wette ('laws') wat op plaaslike vlak gemaak word | | |

(8 × 2) (16)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Gee TIEN afbakeningsfaktore wat daarop gemik is om die Afbakeningsraad ('Demarcation Board') in die rigting van 'n spesifieke standaard ('benchmark') te stuur. (10)

2.2 Die sosiale faktor het te doen met die ontwikkeling van die samelewing.

Verduidelik kortliks die invloed van verstedeliking op landelike en stedelike gebiede en die probleme wat dit kan veroorsaak. (5 × 2) (10)

2.3

| |
|---|
| Mev. Noline Gathrie is 'n senior burger wat in Wyk 3 van die Sol Plaatje plaaslike munisipaliteit woon. Sy het 'n probleem met haar wyksraadslid, mnr. Shaheed Hunter. Sy voel dat hy meer kan doen vir die senior burgers. Wanneer hy onder die invloed van drank is, maak hy beloftes wat hy nie nakom nie en hy bly dikwels van die werk af weg. |

Gee VYF punte oor gedrag ('points of conduct') wat vervat is in die Wet op Munisipale Stelsels se gedragskode waaraan raadslede moet voldoen. (5 × 2) (10)

2.4 Gee TIEN redes waarom 'n persoon gediskwalifiseer kan word om as raadslid in die raad te dien. (10)

**[40]**

### VRAAG 3

3.1 Gee TIEN redes waarom munisipaliteite bestaan. (10)

3.2 Verduidelik kortliks VYF prosedures vir die aanstelling van lede van die Afbakeningsraad ('Demarcation Board'). (5 × 2) (10)

3.3 Suid-Afrika se konstitusie maak daarvoor voorsiening dat die plaaslike owerheid munisipale regulasies/verordeninge instel.

Gee TIEN munisipale regulasies ('bylaws'). (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4 Verduidelik kortliks die volgende Wette as deel van Suid-Afrika se boublokke van demokrasie:

3.4.1 Wet op Munisipale Strukture

3.4.2 Wet op Munisipale Stelsels

3.4.3 Wet op Munisipale Finansiële Bestuur

3.4.4 Wet op Munisipale Afbakening

3.4.5 Plaaslike Regering – Wet op Munisipale Verkiesings
(5 × 2) (10)
**[40]**

**VRAAG 4**

4.1 Gee SES funksies van die bestuurskomitee. (6 × 2) (12)

4.2 Gee VYF funksies van 'n wykskomitee. (5 × 2) (10)

4.3 Gee VIER statutêre redes vir 'n vergadering. (4 × 2) (8)

4.4 Tabuleer VYF funksies van die burgemeester en van die uitvoerende burgemeester. (5 × 2) (10)
**[40]**

**VRAAG 5**

5.1 Gee SES funksies van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) in die verkiesing van die plaaslike regering. (6 × 2) (12)

5.2 Verduidelik kortliks die voorsiening van water as 'n nutsdiens ('utility service') van die plaaslike owerheid. (5 × 2) (10)

5.3 Munisipaliteite het verskillende omgewingsfunksies; een daarvan is die godsdiensfaktor.

Verduidelik kortliks VIER voorsienings ('provisions') wat gemaak moet word met betrekking tot godsdiens. (4 × 2) (8)

5.4 Gee TIEN funksies en magte van 'n voorsitter in 'n vergadering. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou